Tel: 021 554 1290
Faks: 086 591 5147
ngkblouberg@mweb.co.za
www.ngkbloubergstrand.co.za

NG Kerk Bloubergstrand
ABSA Tjek rek nr: 327 014 0539
Takkode: 334409
Snapscan Kode

1 Oktober 2017

Eredienste:

08h30: Ds Marietjie Steyn (Jer 29:1-14)
10h00: Ds Andries Botha (Luk 15:11-32) – Doop — *Kom drink koffie saam met ons na die diens in die kerksaal.*
17h30: -
19h00: Ds Thinus Britz (Joh 5) — *Kom drink koffie saam met ons na die diens in die kerksaal.*

DEURKOLLEKTE: 29 Okt 2017 – Bright Star

Nuwe Intrekkers: Kom sê "hallo" vir ons in die konsistorie na die diens.
Gebedsversoeke: 082 451 3312 – SMS of W*hatsapp*
Ds Thinus: thinus@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Marietjie: marietjie@ngkbloubergstrand.co.za
Selgroepe: Pieter Myburgh – pietermyb@gmail.com
Ds Elmarie: elmarie@ngkbloubergstrand.co.za

NASIONALE WEEK VIR OUER PERSONE

Baie dankie aan elke persoon wat Woensdag saam met ons hierdie spesiale week gevier het. Ons het heerlik saam met julle almal gekuier en maak volgende jaar beslis weer so! Vandag sluit ons af met Ds Andries Botha wie vir ons die erediens om 10:00 waarneem. Hy het 'n Phd in Teologie behaal, 35 jaar op die Skiereiland Sendingraad gedien; asook twee gemeentes bedien. Ons is bevoorreg om hom as 'n betrokke lidmaat van NGK Blouberg gemeente te hê.

DOOP

Pieter & Karen Maritz doop hul baba, Ryan Daniel (gebore 26 Jun 2017).
Werner en Tina Theunissen doop hul baba, Izak Sion (gebore 5 Jul 2017)
Baie geluk!

BLESSING OF THE BIKERS

Dis nou al 'n instelling by ons kerk om die "Blessing of the Bikers" geleentheid jaarliks te hou. Ons hou 'n diens vir motorfietsryers wat nie noodwendig by 'n kerk betrokke is nie. Op Saterdag 7 Okt om 08:30 gaan almal hier bymekaarkom vir koffie en om 09:30 gaan ds Thinus 'n diens vir hulle hou en so al die ryers seën om veilig te wees op die paaie. Ons nooi dus ons eie motorfietsryers uit om hierdie geleentheid by te woon. Navrae: ds Thinus Britz

PREEKBEURTE

T – Thinus Britz E – Elmarie Dercksen M – Marietjie Steyn

	08h30	10h00	17h30	19h00	Opmerkings
08/10/2017	E	E	-	M	
15/10/2017	E	E	T	T	
22/10/2017	T	T	-	M	Senior Jeug Kamp
29/10/2017	M	M	E	E	Deurkollekte: Bright Star
05/11/2017	FS	FS	T	T	Prof Fanie Snyman; Hervormingsfees

HUIS ZONNEKUS GHOLFDAG

Dis al weer tyd vir ons jaarlikse gholfdag op 12 Oktober 2017 by die Milnerton Gholf Klub. Die koste is R2500 per vierbal vir maatskappye en R2000 om 'n gaatjie te borg. Daar is geskenkpakke vir vroeë inskrywings, 'n veiling, ete, vermaak en pryse! Besprekings: funding@huiszonnekus.co.za of skakel Attie by 021 552 2074/5. Alle fondse is ten bate van Huis Zonnekus.

JUNIOR JEUG PROGRAM

2-4 Okt	#ImagineKiz (gr 4-7)
09 Okt	Skole begin
15 Okt	Lessie: 24
22 Okt	Lessie: 25
27 Okt	Vrydag Klub: Kersgeskenke
29 Okt	Lessie: 26
05 Nov	Lessie: 27
10 Nov	Vrydag Klub: Kersspel oefening

KOOR

Kom neem deel aan die Kerssangdiens op 26 Nov 10:00! Miskien het jy lank terug laas gesing, maar dit maak nie saak nie. Miskien is jy ‘n staatmaker-koorlid, almal is welkom. Repetisies begin 10 Okt om 19:00, op Dinsdae. Om aan te meld, kontak ds Elmarie by 083 276 4944.

ENCORE UITSTAPPIE

Hierdie jaar op Woensdag 11 Okt, mik ons in Darling se ringting, my darlings! Ons gaan die museum besoek vir ‘n kykie in die verlede, en dan bier proe by die Darling Brouerye. (Wyn is ook beskikbaar). Kaartjies is te koop na die 10:00 diens, R220pp. Navrae: Marie Blanckenberg 083 747 1661.

SHERI BRYNARD

Sheri Brynard kuier by ons op 13 Okt om 19:00. Kom wees deel van ‘n inspirerende aand! Sy is ‘n internasionale openbare spreker en het al opgetree by Verenigde Nasies, die staatspresident en Oprah. Sy het in Binnelanders as aktrise verskyn, en haar eerste boek is pas bekendgestel. Sheri is die enigste Downs persoon in die wêreld met ‘n volledige tersiêre kwalifikasie en die internasionale ambassadeur vir mense met Downs-sindroom. Ons vra geen toegangsfooi nie, maar gaan kollekte opneem. Tee & koffie is na die tyd beskikbaar en verversings sal te koop wees.

Die fondse is ten bate van die Bloubergstrand Maatskaplike Dienste wat betrokke is by Anex, 'n nie-winsgewende organisasie wat 'n Jeugsorgsentrum in Murraysburg wil op rig om kwesbare kinders in die Eden Karoo te akkommodeer. Besoek gerus hul webwerf by https://www.anexcdw.org.za/.